Preektema: God het ons gekies en bekwaam gemaak om sy kerk te wees ten spyte van die aanslae van die Duiwel.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 150 – 1: 1,2,3
Votum
Seëngroet – Open 1
Loflied Ps. 118 – 2: 1,6,7
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens.
Nuwe Nagmaalformulier (Calvyn): Instelling, Gedagtenis en selfondersoek; Samevatting van die Wet uit Matteus 22: 37 – 40
Sing Skuldbelydenis uit Ps. 130 – 1; 1,4
Vryspraak uit Sagaria 3: 3 – 5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Sagaria 3: 1 - 7
Teks: Sagaria 3: 1 - 7
Woordbediening.

Sakrament:
Nuwe Nagmaalformulier: Gemeenskap en verwagting
Sing ter voorbereiding Sb 17 – 2: 3,4,5,6 (mel. Ps. 100)
Nagmaalbediening
Sing aan tafel: Ps. 103 – 1: 1,3,4,5
Gebed
Sing terwyl tafel ontruim Ps. 116 – 1: 9,10.

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Sb 15 – 1: 1
Seëngroet lees uit Sb 15 – 1: 2,3
Sing Amen uit Sb 15 – 1: 4.

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus

Met hierdie 4 de naggesig van Sagaria betree ons die troonsaal van God wat hier as ’n hofsaal beskryf word. Die aanklaer is die duiwel, die aangeklaagde is die hoëpriester Josua, as verteenwoordiger van die kerk, en God is die Regter. Ons sien hier die duiwel wat voor God staan om die kerk aan te kla. Hy bring beskuldigings voor God in oor die kerk en haar sonde. Die Here bestraf die Satan hier en in Open. 12 lees ons dat hy uit die hemel gegooi is sodat hy nie meer die kerk by God kan aankla nie maar nou sit hy sy aanvalle teen die kerk hier op aarde voort.

Hoekom dink u is die kerk so gedurig in spervuur in die openbare media? En hoekom is die kritiek so skerp en afbrekend? Dat die kerk voortdurend in die beskuldigde bank staan en as’t ware weerloos is teen hierdie aanvalle en veroordeling. Daar is altyd iets waarmee die wêreld kan fout vind en wat aan die groot klok gehang word (kinders dit beteken: dat dit baie aandag geniet en oral bekend gemaak word). Die kerk word gekritiseer en veroordeel. Nie dat ons daarmee wil ontken dat die kerk nie foute maak nie – daarby sal ons netnou kom, maar ons kan nie ontken dat daar ’n doelbewuste poging in die wêreld is om die kerk te diskrediteer nie.

Brs en srs, ons moet besef dat die Duiwel baie doelgerig besig is om die kerk se werk in die wêreld met groot krag teë te staan. Hy doen alles in sy vermoë om ons te stuit. Hoe meer hy die kerk verdag kan maak, hoe beter. Hoe meer hy die kan regkry dat die wêreld die kerk verwerp hoe beter vir sy doelwit. Ons sien ook hoe hy dit regkry. Hy het dit in Sagaria se tyd reggekry om die kerk tot stilstand te bring en hy kry dit vandag ook reg.

Daarom bring Sagaria vir die volk en vir ons vandag die boodskap: God kies ons om sy Koninkryk te bou ondanks die teenstand van die Duiwel. Ons moet nie toelaat dat die duiwel slaag in sy taktiek om ons in die beskuldigde bank te plaas nie, maar ons moet hom in die krag van Christus weerstaan en God se Ryk hier op aarde bou.

1. (Die Satan staan ons teë met beskuldigings)

Sagaria sien in hierdie 4 de visioen die hoëpriester voor die Engel van die Here staan met die Satan wat besig is om hom by God aan te kla. Satan probeer om te keer dat die volk die tempel weer gebou kry. Hy wil die volk as onwaardig bouers bestempel en daarom te kenne gee dat die volk nie die tempel kan bou nie. Brs en srs, net so kla die duiwel kla ons vandag steeds aan. Hy kan dit nou nie meer voor God doen nie, maar hy doen dit in die oë van die wêreld.

- Ons sien dit in die aanklagte van die wêreld

Die Duiwel gebruik mense in sy mag en die media van vandag om ons in die oë van die samelewing te diskrediteer. Die kerk se vashou aan die Bybel se waarhede word gekritiseer. Die doen en late van gemeentes word afgekraak. Kerkleiers se foute word uitgebuit en voorgestel asof die hele kerk daarmee afgeskryf moet word. Selfs gelowiges wat om

een of ander rede nie meer aan ’n gemeente behoort nie, kraak die kerk af as uitgedien en oudmodies.
Die kerk word as vals en skynheilig geteken. Dikwels word daar gesê: julle sit Sondae baie vroom in die kerk, maar ons sien hoe leef julle en wat doen julle in die week en dan lyk julle nie meer soos Christene nie. Die kerk word beskuldig dat sy nie omgee vir die nood van die wêreld nie en dat ons niks doen vir armes en werkloses nie. Dat ons net op ons eie belange gefokus is. Politici beskuldig die kerk as laaste bastion van apartheid en dreig om wetgewing te maak wat kerke sal verplig om te integreer.

- Die aanklagte van my eie gewete

Maar brs en srs, bo en behalwe die aangeklagte van die wêreld kry die duiwel dit ook reg om my in my eie gewete aan te kla. Hy kry dit reg om my te verlam deur my voortdurend te herinner aan my sonde en swakheid. En elkeen van ons weet dat ons skuldig is en waar ons persoonlik in ons diens aan die Here te kort skiet. En ons weet ook hoe die duiwel dit regkry om ons persoonlik so skuldig te laat voel.

En natuurlik weet ons – ons is skuldig. Ons is as kerk skuldig aan baie dinge waarin ons ons taak binne die wêreld nie na behore verrig nie. Ons weet ook dat ons persoonlik voor die Here skuldig staan. Immers – Jesua, die Hoëpriester, het liederlike vuil klere aan. Ons is skuldig.

(2. God spreek ons uit genade vry God se uitverkiesende genade)

Maar brs en srs, God bestraf die duiwel in sy pogings om ons te laat faal as kerk. Want God sê in vers 2: Hy het ons uitgekies om sy kerk te wees. Ten spyte van ons sonde en tekortkominge het God juis vir ons gekies om sy kerk te wees. Die woord “Kerk: beteken: vergadering van gelowiges. Die kerk is immers nie ’n vergadering van sondelose mense nie, maar van sondaarmense wat deur God uitgekies is om sy Koninkryk te bou.

Ons moet nie toelaat dat die duiwel in sy poging slaag deur ons so skuldig te teken asof ons nie reg het om God se kerk te wees nie. Asof ek nie eintlik nie kind van God mag wees nie. Natuurlik het ons die reg tot kerk en tot kindskap: nie omdat ons dit verdien het nie, maar omdat God ons uit genade gekies het om sy kerk te wees.

- (God neem ons uiters vuil klere weg)

Hy ons nie net gekies as sondaar mense nie, maar ons ook in staat gestel om wel sy kerk te wees. Want die opdrag kom: Trek vir Jesua die vuil klere uit en trek vir hom skoon klere aan. Dit is God se genade in Christus vir ons! Dit is net ons wat in Christus glo, wat skoon gewas word en in staat gestel word om God te dien en sy Ryk te bou. Ons vuil klere is weggeneem en ons het skoon nuwe feesklere gekry!

Ons mag nie bly staan by ons tekortkominge as kerk en ons persoonlike sonde nie. God het ons vergewe. Ons mag nie toelaat dat die Duiwel ons verlam met sy beskuldigings en pogings om ons in die oë van die wêreld te diskrediteer nie. Ons moet bewys dat ons deur God gekies en toegerus is om Hom te dien.

- (God gee ons feesklere)

Hoe gaan ons dit regkry? Deur ons feesklere te dra. Die feesklere wat Jesua namens die kerk ontvang dui op ons dankbaarheidslewe. Brs en srs, dat ons elke dag opnuut besef hoe groot die genade van God oor ons is. Een van die grootste redes waarom die kerk nie met krag optree nie, is omdat ons nie ’n ware dankbaarheidsbesef het nie. Besef ons dat dit net die genade van die Here is wat ons gemaak het wat ons is.

Wat is die verskil tussen ons en verlore mense? Net die genade in Jesus Christus is die verskil – niks anders nie! Ons het vuil klere gehad – ons was ook verlore – maar is gered om deel van God se kerk te wees! Ons is deur God begenadig en uitgekies.

Br en sr, wie dit waarlik besef – kan tog nie anders as om fees te vier nie! As om uit dankbaarheid toegewyd te wees nie. Dat jy jou tot God se bekikking stel om Hom te dien in die kerk sowel as in die wêreld.

(God stel ons as kerk in sy diens: Die skoon tulband)

Brs en srs, elkeen van ons moet besef: as ek sê dat ek ’n gelowige is, is ek deel van die kerk en staan ek in God se diens!. Ek is in diens gestel: ek het ’n taak en opdrag wat God wil hê ek moet uitvoer. Ek moet die Koninkryk bou.

Waar sien ons dit in die visioen? Sagaria pleit dat Jesua se vuil priesterstulband met ’n skone vervang moet word. Die tulband is die simbool van amptelike aanstelling as priester in God se diens. Jesua ontvang dit namens ons almal. Brs en srs , ek en jy en ons alml is amptelik aangestel in God se diens! Elkeen van ons dra ’n skoon wit tulband! En ons moet dit met geloof en waardigheid dra! Ons moet dit dra in die krag van die Gees van God wat ons toerus om hierdie diens te verrig. Net soos die hoëpriester tot diens van God gesalf is – is ons met die Gees van God gesalf vir ons diens! Ons is almal toegerus en ons word vamore by hierdie Nagmaal weer versterk vir ons diens!

Die tekens van brood en wyn herinner ons aan die vuil klere en bring ons weer tot nuwe dankbaarheid dat ons vanmore hier kan sit met skoon nuwe blink feesklere aan! Kom ons vier dan die fees van die Nagmaal met groot dankbaarheid en laat die gemeenskap met Christus ons so versterk sodat die satan met sy aanklagte ons nie verlam nie – maar eerder aanvuur om steeds meer diensbaar te wees!

Om hier in die gemeente en in die wêreld waar die Here elkeen van ons roep – sy koninkryk te bou – want Christus het immers belowe: die poorte van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie. Kom ons dra ons feesklere en kom ons rol die moue op!

Amen